


Publication: TygerburgerEersterivier-BlueDowns (Main)
Publication Date: 09 Aug 2017
Page: 12

AVE: 29125.44
Circulation: 27968
Part: 1 of 1



Die UWK-sokkerspan wat Wits in sy eerste wedstryd met 6-0 geklop het, is (agter van links) Ryan Ramandhi, Giovanni Gaffoor, Lyle Hardenberg, Clinton Herwel en Phiwokuhle Mphalala. Voor is Chad Smith, Ayanda Nkunkwana, Thulani Mkosi, Ryan Steer, Luke Verster en Xolela Ndude.

**VARSITY-SOKKERTOERNOOI:** WEN MET 'N 'TENNISTELLING' TEEN WITS

# UWK maak stem dik

**AVRIL FILLIES**

Dit gebeur nie aldag dat sokkerspanne met 'n tennistelling geklop word nie, maar in die Universiteit van Wes-Kaapland se eerste sokkerwedstryd teen Wits het hulle met 6-0 gewen.

Dit was in die eerste wedstryd van die Varsity-sporttoernooi. Die afgelope naweek het CUT die UWK met 2-1 geklop en wil die span verbeter op dié vertoning.

"Dit is die vyfde jaar dat ons deelneem en slegs twee universiteite het sedert die ontstaan van die kompetisie deelgeneem – die UWK en Universiteit van Pretoria (Tuks)," het Salie Adams, afrigter van die UWK, gesê.

Die UWK het tans 24 spelers en van die spelers wat dopgehou moet word, is Clinton Herwel, Xolela Ndude, Achmat Ceres, Josh Silent, Thulani Mkhosi, Clint Fredericks, Phiwokuhle Mphalala, Chad Smith en Ryan Steer.

Die spanne waarteen die UWK meeding, is Tuks, Noordwes-universiteit, CUT, Fort Hare, Universiteit van Johannesburg, Wits en Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT).

"Soos in enige kompetisie is daar maar altyd 'n span wat jou doodsteek is. In ons geval is dit Tuks wat deur die voormalige Bafana Bafana-middelskakel en internasionale sokkerspeler, Shaun Bartlett, afgerig word.

"Hulle het al twee keer die kompetisie gewen en TUT het verlede jaar koning gekraai," het Adams gesê.

Die lesse wat hy as afrigter en sy span uit die verlede geleer het, is hoe mededingend universiteite is.

"Die kompetisie tussen universiteite verhoog die gehalte van die spel en die spelers moet fiks en ook geestelik sterk wees.

"Dit is goed dat spelers blootstelling op televisie kry. Hulle kry nie net die kans om hul talent te wys nie, maar goeie vertonings op die veld verhoog ook die moraal van die spelers op die kampus," het Adams gesê.

Die blootstelling van die spelers op televisie, is ook die platform waar beroepsklubs nuwe talent kan raaksien. Jy weet nooit watter Premierliga-sokkerspanne se talentsoekers die Varsity-kompetisie volg nie.

"Die kompetisie sluit op Donderdag 28 September, maar daar is nog baie water wat in die see moet loop voordat 'n wenner aangewys gaan word.

"In die eindstryd in 2015 het UWK met 2-1 teen TUT gewen. Wanneer 'n doelkans voorkom, moet jy jou kans gebruik en dit is wat teen Wits gebeur het toe ons hulle in ons eerste wedstryd geklop het," het Adams gesê.

Volgens hom is dit ook belangrik dat spelers in koerante vir hul goeie spel uitgelig word.

"Wanneer 'n speler in die koerant verskyn, word daar oor hulle gepraat. Die spelers word dan huishoudelike name en word dan 'familie' van die mense," het hy gesê.

Adams se loopbaan as afrigter dateer terug na 1995 toe hy Manning Rangers in die Nasionale Sokkerliga, die voorloper van die Premier-Sokkerliga (PSL), afgerig het.

"Van 2002 tot 2008 was ek hulpafrigter van Santos van Athlone in die PSL. Van 2009 tot 2011 was ek ook die hulpafrigter van Maritzburg United. Dit is nou my vierde jaar by UWK en ek is trots om te kan sê dat ons ook vir die Varsity-sokkerkompetisie vir volgende jaar gekwalifiseer het," het Adams gesê.

VVertel TygerBurger wat jy van hierdie berig dink by briewe@tygerburger.co.za.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.